


# Boer geloof vir invloed op brandbestryding ná hartaanval

Deel

21 Mrt.

Kaydene Davids

NETWERK24

Kommentaar Boekmerk

Luister na artikel -03:42



Thinus Steenkamp

Hulde het Donderdag ingestroom ná die dood van 'n boer, pastoor en 'n bekende in brandbestrydingskringe in die Vrystaat op sy plaas in die Warden-distrik.

Thinus Steenkamp (62) is Woensdag op Grootdam, sy plaas, aan 'n hartaanval dood, sê Bernard Habig, 'n brandbeskermingsbeampte en algehele bestuurder van die Noordoos-Vrystaat-brandbeskermingsvereniging.

Steenkamp het in 2019 as algehele bestuurder van dié vereniging uitgetree, maar het steeds as 'n direkteur gedien.

Hy het meestal met skape en boerbokke geboer en was ook 'n pastoor by die Dunamis-bediening.



HOOFTREKKE GEWILDSTE

1. Strategiese oliereserwes krimp tot net genoeg vir 13 dae se brandstof
2. Steeds 0% vertroue onder verbruikers sedert '94, maar rykes meer positief
3. Idee 'ongegrond' dat Israel-standpunt band met VSA sal vertroebel
4. Kragkrisis: Kusile van 'stout-lys' geskrap, maar Kriel kom by
5. BEURTKRAG | Op watter fase is ons en wat is op pad?




E-publikasies

Lees jou koerante en tydskrifte gerieflik in digitale formaat.




Begin lees

Promosies

Kry jou lyf en gemoed gereed vir die komende winterkoue met dié 8...




Rhodes-universiteit trap diep spore die laaste 120 jaar en vier dit heeljaar



Burger King® Suid-Afrika en die Suidoosterfees vier plaaslike talent






Volgens Habig was Steenkamp Woensdagmiddag besig om 'n huis op die plaas te bou toe hy skielik moeg begin voel het. Steenkamp het gaan sit en is aan 'n hartaanval oorlede. "Oom Thinus was nie siek nie, dit is baie skielik vir ons."

Habig sê wat hy van geïntegreerde veldbrandbestuur weet, is te danke aan Steenkamp.

Hy sê Steenkamp was 'n man na wie baie boere in Oos-Vrystaat opgesien het.

" 'n Baie regverdige man wat altyd baie liefdevol teenoor sy medemens was. 'n Ware man van God wat sterk met die Heilige Gees rondbeweeg het.

"Hy was my mentor, 'n vaderfiguur en steunpilaar."

Johann (Savage) Breytenbach, bestuurder van die Vrystaat se sambreel-brandbeskermingsvereniging (FSUFPA), sê Steenkamp is 'n impak-maker. "Ek gebruik die woord 'is', want hy was so 'n mens. Hy het nie vir homself gelewe nie, maar orals en altyd verbetering en verandering gebring. Daarom sal hy ten spyte van sy afsterwe vir nog baie jare lank 'n impak maak.

"Dit is wat pioniers doen, hulle bewerkstellig en bring 'n blywende impak."

Breytenbach beskryf Steenkamp as 'n pionier van die geïntegreerde veldbrandbestrydingspraktyk in die Vrystaat, wat baie jare van sy lewe op baie maniere en plekke dag en nag veldbrandbestryding beoefen het.


"Hy was een van min mense in die provinsie wat die strategiese visie gehad het om die groeiende probleem van veldbrande effektief in die provinsie aan te pak. Ek is baie bly dat hy die opbou van momentum van verandering wat hy gevisualiseer en so hard voor gewerk en opofferings voor gemaak het, kon beleef.

"Hy het diep spore getrap wat veldbrandbestuur in die provinsie betref en dit op 'n pad geplaas wat groot voordeel inhou vir die mense, gemeenskappe en die omgewing waarin hulle bly.

"Dit is sy nalatenskap, hy was ons kameraad, vriend en kollega. FSUFPA se bestuur en direksie sal hom sekerlik mis."

Jan de Villiers, provinsiale operasionele bestuurder en 'n direkteur van FSUFPA, beskryf Steenkamp as 'n gewaardeerde kollega en vriend wat 'n passie vir die brandverenigings en sy werk daar gehad het.

"Máár meer nog, hy was 'n Christen wat sy Christenskap uitgeleef het en dit met almal gedeel het. Hy is nou by Hom wat hy met sy hele wese so liefgehad en gedien het."




Steenkamp laat sy ma, Marina Steenkamp, sy vrou, Christel Steenkamp, sy dogters, Riëtte de Jager en Marike du Toit, wat agt maande swanger is, skoonseuns, Hennie de Jager en Johan du Toit, kleinkinders, Henro en Kian de Jager, en twee broers, Herman en Frans Steenkamp, agter.

Geen begrafnisreëlings is nog getref nie.

## KYK | DIE JONGSTE NUUSVIDEO'S DEUR NETWERK24

KLIK VIR MEER NUUS →




KYK | Boerbokram vir R300 000 verkoop

an hour ago





KYK | Lombaard laat vaar borgtogaansoek

5 hours ago





KYK | EFF stel verkiesingsmanifes bekend

23 hours ago




KYK | Skok oor vrou se beweerde betrokkenheid by...

2 hours ago




KYK | Speaker bring dringende aansoek om inhegtenisname...

5 hours ago




KYK | Stellenbosch-lugskou lok talle mense

2 days ago

Powered by oovvuu

LEES MEER OOR:

THINUS STEENKAMP | HARTAANVAL | BOER | BRANDBESTRYDING

KOMMENTAAR | MY PROFIEL

Netwerk24 ondersteun 'n intelligente, oop gesprek en waardeer sinvolle bydraes deur ons lesers. Lewer hier kommentaar wat relevant is tot die onderwerp van die artikel. Jou mening is vir ons belangrik en kan verdere menings of ondersoeke stimuleer. Geldige kritiek en meningsverskille is aanvaarbaar, maar dit is nie 'n platform vir haatspraak of persoonlike aanvalle nie. Kommentaar wat irrelevant, onnodig aggressief of beledigend is, sal verwyder word. Sien ons kommentaarbeleid.

Kommentaar is gesluit vir hierdie storie.

### Alle kommentaar (1)

Refresh comments | Close ×

4 dae gelede

**yellen**

RIV Thinus

Respek 1 Antwoord Rapporteer

Profiel en antwoorde | Bo-aan kommentaar | Bo-aan artikel

## Nuusbriewe: Registreer gratis

Registreer maklik met slegs jou e-posadres



Ontsluit só 'n wêreld vol inligting – van nuus, sake, sport en raad tot resepte, reis en meer. Geskep en verpak deur Netwerk24, Rapport, Huisgenoot, Sarie, Weg! en Tuis.

Klik vir nuusbriewe

showmax

Ondersoek verskillende SA oortuigings in The Illuminated




Fuifkyk al die episodes van Spinners



Stroom die misdaadkomedie Koek met Cindy Swanepoel



Teken in op Showmax Premier League - jy kan 'n reis wen!




## Dié week op VIA

KYK | WILDE WOENSDAG: Hierdie week op 'Die Groot Afskud'!



13 Mrt.

Beplan jou kyk-week

GELDEENHEDE | HULPBRONNE | JSE-INDEKSE

| | | |
|---|---|---|
| Rand - Dollar | 18.91 | ▲ +0.4% |
| Rand - Pond | 23.90 | ▼ -0.3% |
| Rand - Euro | 20.49 | ▲ +0.3% |
| Rand - Aus dollar | 12.36 | ▼ -0.4% |
| Rand - Jen | 0.13 | ▼ -0.1% |

Alle JSE-data is met minstens 15 minute vertraag iress

## Blitsblik op 'n maatskappy

Volg die maatskappy se aandeelprys en lees nuwe Sens-verklarings en resultate hier.

Soek

Ad removed. Details